

Gereformeerde Kerk Bellville – 31 Januarie 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 53:1, 2, 3 (p. 269)

- 1 Vermeetle dwaas wat hoogwys spot, / sê in sy hart: “Daar is geen God”
Hul dade is afskuw'lik, sleg, / geeneen wat goed doen in sy weg.
- 2 God het die mens se werk betrag / uit hemelhoë^{en} helder dag,
of Hy ook by die mensekind / verstand mét ware Godsvrees vind.
- 3 Maar almal het tot groter kwaad, / in hul ontaarding, God verlaat;
van almal is hul dade sleg, / geeneen wat goed doen in sy weg.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 8:1, 2, 7 (p. 30)

- 1 Daar is geen land so ver of woës geleë, / geen strand, o HEER, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid – / of orals blink u Naam en majesteit.
- 2 U het, o HEER, wat troon oor alle dinge, / uit kindertaal en stem van suigeling
u mag gegrond, sodat die mens moet swyg / wat, hoog van hart, uit wraakbegeerte dreig.
- 7 Ja, daar's geen land so ver of woës geleë, / geen strand, o Heer, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid – / of orals blink u Naam en majesteit.

Gebed

Psalm 19:1, 2 (p. 82)

- 1 Die hoë hemelrond / vertel met blye mond / Gods heerlikheid en eer,
en, wonderbaar deurglans, / vermeld die wye trans / die werke van die HEER.
Die dag roep orals luid / en duisendstemmig uit / dié loffelike sprake;
die nag se stille stap / meld kunde^{en} wetenskap / deur al sy donker wake.
- 2 Hoe goddelik en skoon / en wonderbaar die toon / wat deur die skepping gaan!
Geen volk so onbegaaf, / geen oor so onbeskaaf, / wat nie dié taal verstaan.
Die prag van hemel^{yn} / wat deur die wydtes skyn, / spreek daar so luid en kragtig
dat nêrens hart of oor / dié skeppingstaal nie hoor – / tot roem van God almagtig.

Skriflesing: Romeine 1:16-32; 2:12-16; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, Artikel 4

Kernvers: Romeine 1:18-20

**Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die
godeloosheid en ongeregtheid van die mense wat in ongeregtheid
die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle
openbaar is, want God het dit aan hulle openbaar. Want sy onsigbare
dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en
duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat
hulle gee verontskuldiging het nie.**

(Romeine 1:18-20 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 3 en 4, Artikel 4

*Na die sondeval het daar in die mens tog nog 'n bietjie van die lig van die natuur oorgebly.
Daardeur het hy 'n mate van kennis van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid*

tussen die betaamlike en onbetaamlike bly behou en vertoon hy in 'n sekere mate 'n strewe na deug en uiterlike tug. Vir die mens is dit egter onmoontlik om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer. Gevolglik kan hy selfs in natuurlike en burgerlike sake hierdie lig nie reg gebruik nie. Hoe ook al, veeleer bederf hy dit heeltmal op verskillende maniere en hul dit in ongeregtheid. Omdat hy dit doen, is daar vir hom geen verontskuldiging voor God nie.

'n Verduideliking van die artikel

Na die sondeval het die mens nie geheel en al in 'n wilde ding ontaard nie. Daar het nog 'n bietjie van die lig van die natuur in die mens oorgebly. Hierdie bietjie lig van die natuur word vervolgens verder verduidelik.

Ten eerste bely ons watter positiewe gevolg hierdie bietjie lig van die natuur in die mens veroorsaak. Deur die bietjie lig van die natuur wat in die mens oorgebly het, het hy nog kennis bly behou oor verskeie sake. Die mens het nog kennis van God, van natuurlike dinge en van die onderskeid tussen die betaamlike en onbetaamlike bly behou. Op grond van hierdie kennis vertoon die mens ook in 'n sekere mate 'n strewe na deug en uiterlike tug.

Ten tweede bely ons hoe min waarde hierdie bietjie lig van die natuur vir die mens inhou wanneer dit kom by bekering en geloof. Ons sê die mens kan nie met hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God kom nie en hom ook nie tot God bekeer nie.

Ten derde bely ons wat die mens eerder met hierdie lig van die natuur doen. Die mens kan die lig van die natuur in natuurlike en burgerlike sake nie reg gebruik nie. In plaas van hierdie lig van die natuur reg te gebruik, bederf hy dit eerder op verskillende maniere heeltmal en hul die kennis in ongeregtheid.

En in die vierde plek bely ons hoekom die Here nog hierdie bietjie lig van die natuur by die mens laat oorbly het na die sondeval. Aangesien die mens nog 'n bietjie lig van die natuur het maar dit verkeerd gebruik, is daar vir hom geen verontskuldiging by God nie.

Tema: Die lig van die natuur help nie die mens tot bekering en geloof nie

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, mense sê dikwels dat daar iets goeds in elke mens is. Die agtergrond van hierdie gedagte is dat 'n mens nie sommer op grond van een verkeerde ding wat iemand gedoen het hom sommer moet afskryf nie. As gelowiges en as mense wat al deur die Heilige Gees onderrig is met die Woord van die Here, sluk ons moeilik aan die gedagte dat daar iets goeds in elke mens is. As sondaar is die mens geneig om God en sy naaste te haat en bedink hy altyddeur net wat sleg is. Ons sal eerder vashou aan wat die Here sê, naamlik dat die mens na God se beeld geskape is.

Alhoewel die beeld van God na die sondeval in elke mens aan skerwe is, behandel die Here nog elke mens as iemand wat na sy beeld geskep is. Daarom het verbied die Here dat

'n mens iemand anders doodslaan. En as die mens iemand anders doodslaan, moet sy eie lewe van hom weggeneem word deur die owerheid omdat hy die beeld van God in die ander persoon geminag het (Gen 9:6). Die Here verwag dus dat ons in ons optrede teenoor ander mense in gedagte moet hou dat daardie mense ook as beeld van God geskep is.

Die vraag is nou: Watter waarde het die skerfies van die beeld van God vir die mens

wanneer dit kom by sy bekering en geloof in Jesus Christus. Dit gaan immers in hoofstuk 3 en 4 van ons Dordtse Leerreëls oor die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind. In die eerste twee artikels van hierdie hoofstuk bely ons hoe diep die mens geval in die sondeval. Uit die Bybel leer ons dat die mens dood is in sy sonde. En omdat hy dood is in sy sonde kan die mens niks uit sy eie doen om weer geestelik lewendig te word nie. Die mens kan homself nie tot bekering en geloof in Jesus Christus bring nie. Dit is eers wanneer die Heilige Gees uit genade die wedergeboorte aan 'n mens skenk dat die mens kan of wil terugkeer tot God en sy lewe wil verbeter.

Ter wille van duidelikheid kan ons die volgende beeld gebruik. Na die sondeval is die mens soos iemand wat al leweloos op die water dryf. As niemand daardie mens uit die water gaan gryp nie, sal hy sterf. Daar is al klaar water in sy longe en hy haal nie meer asem nie. So

'n mens kan self niks doen om die water uit sy longe te kry sodat hy weer kan asemhaal nie. Dit is eers wanneer iemand hom uit die water gepluk het, sy hart masseer sodat die water uit sy longe kom dat hy weer spartel, asemhaal en self iets kan doen.

Maar nou weet ons mos dat mense van nature hulleself nie so magteloos sien nie. Mense wil nie hoor dat hulle niks kan doen om gered te word nie, want van nature dink die mens wat nog nie wedergebore is nie, dat hy nie werklik en nie heeltemal dood is in die sonde nie. Trouens, die dwaallerraars sê eerder dat die mens tydens die sondeval swaar gewond is. Daarom kan die mens nog om hulp roep of self iets doen om sy lewe te red, want diep in sy hart is daar nog 'n baie klein begeerte om goed te doen. Dit is soos 'n kooltjie wat diep onder die as lê. Die kooltjie moet net weer aangeblaas word en dan sal die vlamme van goedheid weer hoog brand.

Nou sal 'n mens kan vra: Waar kom mense aan die gedagte dat die ongelowige mens diep in sy hart die skerfies van die beeld van God vind waaraan hy homself uit die ellende van sonde kan optrek tot geloof in God? Ek kan wel antwoord waar die dwaalleraars, teen wie se dwaling ons Dordtse Leerreëls opgestel is, aan hierdie gedagte gekom het. Hulle was mense wat die Bybel geken het maar dit volgens hulle eie insigte verstaan het.

Hulle was van oordeel dat die Here ons in Romeine 2 leer dat die ongelowige mens diep in sy hart 'n klein bietjie goed het wat net aangewakker moet word. Nou het ons dit vanaand ook self gelees.

Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulleself 'n wet, al het hulle geen wet nie; omdat hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, tewel hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig.
(Romeine 2:14-15 AFR53)

Op grond van hierdie woorde sê mense: Sien jy daar, elke mens het nog diep in sy hart 'n besef van wat goed is. Daar het nog lig van die natuur in die mens oorgebly. Die lig is inder-daad nie meer so skerp en so helder soos wat dit by Adam en Eva was voor die sondeval nie, maar daar is darem nog bietjie lig. Dit moet net gekoester en reg gebruik word.

Ons moet egter goed oplet wat hier in Romeine 2 geskryf staan. Hier word gepraat van die werk van die wet wat in hulle harte geskrywe staan. Dit gaan dus nie oor gehoorsaamheid aan die wet nie, maar oor die handeling van die mens wat ooreenstem met die eis wat God in sy wet stel. Hier word ook nie gepraat oor die motief of die rede waarom die heidene dinge doen wat met die eis van die wet ooreenstem nie. Dit gaan eintlik maar

daaroor dat hulle dinge doen wat in hulle kultuur en samelewing aanvaarbaar is en nie omdat hulle God vrees of die wet ken nie. 'n Ware gelowige, aan die ander kant, gehoorsaam die wet van die Here omdat die Heilige Gees die liefde van God in Christus in sy hart uitgestort het. Omdat hy weet en vertrou dat Christus sy hele lewe vir hom oorgegee het, offer hy uit dankbaarheid sy lewe aan die Here deurdat hy die wet gehoorsaam.

Daarmee ontken ons nie dat daar nog 'n bietjie lig van die natuur of skerfies van die beeld van God in die mens oorgebly het nie. Maar hierdie klein oorblyfseltjies van die beeld van God is soos die wrakstukke van 'n skip wat op die see ronddobber. Uit die wrakstukke kan jy aflei dat daar eens op 'n tyd 'n skip was, maar jy kan die wrakstukke nie meer gebruik om op die see te vaar nie.

Tot dusver kan ons dan die afleiding maak dat die lig van die natuur wat nog in die mens oorgebly het nie 'n mens tot ware en saligmakende kennis van God en tot bekering en geloof in Jesus Christus kan bring nie. Dit is wat ons immers bely in die derde sin van hierdie artikel. Maar ons gryp dit nie uit die lug nie. Dit is wat die Here self vir ons leer in Romeine 1:

Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle openbaar. (Romeine 1:18-19 AFR53)

God se toorn is teen al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk. Met goddeloosheid word die sondes bedoel wat teen God in besonder gerig is en met ongeregtigheid die sondes wat in besonder teen ander mense gerig is. Goddeloosheid is die mens se poging om van God ontslae te raak. Dit is immers waar alles begin het toe die mens nie meer God se Woord wou aanvaar nie, maar self oor goed en kwaad wou besluit. Aangesien dit egter onmoontlik is om van God ontslae te raak, het die mens 'n vasbeslotenheid om te lewe asof hy van God ontslae geraak het. God het immers die mens volmaak goed geskep en dit behels dat die mens God sal liefhê en met vreugde gehoorsaam.

Omdat die mens vasbeslote lewe asof hy van God ontslae geraak het, onderdruk hy die waarheid wat God aan hulle geopenbaar het. Die waarheid waarvan hier gepraat word, is die krag en werk van die Here in die skepping. Die skepping of die natuur is immers een van die middele wat die Here gebruik om Homself aan die mens te openbaar (vgl. NGB, art. 2). Uit die skepping en die regering van God in die skepping, kom 'n mens eerstens agter dat daar iemand moet wees wat almagtig en alwys is. Nog makliker gesê: 'n Mens kom agter dat daar 'n God moet wees. Job het die Here nog beter en duideliker leer ken toe die Here hom op al sy werke in die skepping gewys het (Job 38-41).

Maar wat doen die mens met die bietjie lig van die natuur wat in hom oorgebly het? Hy kan mos uit die skepping en die werking van die skepping agterkom dat daar 'n God is. Ons bely dat die mens deur die lig van die natuur kennis van God behou het. Op sy eie gebruik die mens hierdie kennis verkeerd, omdat die mens net weet dat daar 'n God is en nie weet wie God persoonlik is nie. Daarom kry ons onder die heidene die gedagte dat daar baie gode

is – 'n god vir reën, 'n god vir vrugbaarheid en wat nog alles. Op sy eie probeer die mens dan die besef dat daar 'n God moet wees vir homself uitwerk en dan verdwaal hy. Die Heilige Gees sê hier in Romeine 1 dat die mense God nie verheerlik as God nie, maar hulle maak vir hulle beelde van allerhande skepsels en dink dit is hulle god.

Die lig van die natuur verleen aan die mens ook kennis van die natuurlike dinge. Maar uit ons daaglikse lewe weet ons dat ook hierdie kennis nog net gedeeltelik is. Bloot die bestaan van natuurwetenskaplike vakke bevestig dit. Die mens is voortdurend op soek na die kennis van hoe die dinge in die natuur werk. Daar sou immers nie skole en universiteite gewees het as die mens nie in sonde geval het nie. Maar dan moet ons tegelyk ook opmerk dat die mens in sy ongeregtheid ook in die wetenskap goddeloosheid bedryf. Die natuurlike dinge in die skepping word losgemaak van God en dan kry 'n mens sulke gedagtes dat die skepping sommer vanself deur middel van evolusie tot stand gekom het.

Verder verleen die bietjie lig van die natuur ook aan die mens kennis van die onderskeid tussen die betaamlike en onbetaamlike sodat hy in 'n sekere mate 'n strewe het na deug en uiterlike tug. Daar is heidene wat ook met ware gelowige sal saamstem dat moord verkeerd, natuurlik om verskillende redes. Maar wanneer die mens nou hierdie kennis in die praktyk van die daaglikse lewe aanwend, kom ons agter hoe verkeerd hy dit gebruik. Om iemand met 'n geweer dood te skiet is verkeerd, maar om abortie of sogenaamde genadedood toe te pas, word deur die ongelowige, onwedergebore mens geregverdig. Dit is dan op hierdie heel praktiese dinge dat ons agterkom maklik die mens homself kan weerspreek omdat hy van God niks wil weet nie en die bietjie lig van die natuur wat hy nog tot sy beskikking het verkeerd gebruik.

Geliefdes, wanneer ons na die wêreld waarin ons lewe kyk, sien ons hoe die mens op elke terrein van die lewe hierdie bietjie lig van die natuur gebruik om vir homself te lewe. Die beeld van God wat in die mens ingeskaap was lê aan skerwe. Die mens het sy opdrag om God in alles te verheerlik versmaak. En vir sy medemens het die mens van nature nie tyd nie. As ons sien hoe die mensdom homself voortdurend teen God verset, is dit geen wonder dat God sy toorn teen die goddeloosheid en ongeregtheid openbaar nie – is dit geen wonder dat droogte, siekte, armoede en hongersnood oor die hele aarde woed nie. Hierdie openbaring van God se toorn oor die goddeloosheid en ongeregtheid in die tydelike strawwe op die sonde is maar nog net die voorlopers van die ewige en regverdige straf op die sonde wat sal aanbreek op die laaste dag.

Maar oordeel en straf is nie die laaste woord van God nie. Die lig van die natuur wat in die mens oorgebly het na die sondeval is nie al lig wat die Here aan die wêreld skenk nie. Sy genadewoord is nog groter en nog meer persoonlik. Hy het sy ewige Seun as die Lig na die wêreld gestuur. Dit is in die lig van Jesus se woorde en werke dat ons God leer ken as die barmhartige en regverdige God. Vanuit die hemel het God sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtheid van die mense op Golgota geopenbaar. Jesus Christus het na die aarde gekom om in die eerste plek hierdie straf op die sonde te dra sodat hulle wat in Jesus Christus glo die ewige lewe kan hê en nie verlore gaan nie.

Watter groot genade bewys God nie aan die mense nie. Hy weet dat die lig van die natuur wat in die mens oorgebly het en die openbaring van Homself in die skepping nie genoeg is dat die mens weer na Hom kan terugkeer nie. Daarom het Hy sy Seun as die Lig gestuur wat so helder skyn dat die mens God kan leer ken en dat die mens homself kan leer ken as die verlore sondaar. Maar selfs nadat die Here dit gedoen het, laat Hy dit nie aan die mens self oor om miskien tot bekering te kom nie. Aan sy uitverkorenes gee die Heilige Gees die wedergeboorte sodat hulle in Jesus Christus kan glo.

Ons sluit af: Alhoewel die bietjie lig van die natuur nie genoeg is om tot saligmakende kennis van God te kom en jouself tot God te bekeer nie, het God hierdie lig laat agterbly

sodat niemand ooit kan sê dat hy nie geweet het daar is 'n God nie. Daarom sal die Here se oordeel oor die ongelowiges volmaak regverdig wees. En ek en jy wat in die strale van die volmaakte Lig, Jesus Christus, al gekom het, wat maak ons met hierdie groot genade wat die Here aan ons bewys het? Volg ons die Heilige Gees wanneer Hy ons tot bekering lei of verset ons onself teen die genade wat die Here aan ons skenk?

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 3-1:1, 3 (51:1, 3)

- 1 Die volk wat in die donker wandel, / oor hulle het 'n lig geskyn;
Die Christus, Lig oor alle lande, / laat angs en duisternis verdwyn!
U het die volk vermenigvuldig; / hul vreugde het U groot gemaak.
Soos in die oestyd juig hul vrolik / waar hul mét U oorwinning smaak.

- 3 Hy's Wonderbaar, 'n Eew'ge Vader; / Hy's Raadsman; Hy is Sterke God;
en Hy vermeerder in genade / sy heerskappy as Vredevors.
Hy kom met vrede sonder einde, / versterk dit deur geregtigheid –
met ywer sal Hy dit bevestig / van nou af tot in ewigheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
31 Januarie 2016